# 15 September - REDDING

**Skrifgedeelte: Matteus 27:32-44**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:40, 42, 43 en 49**

Tydens Jesus se openbare lewe het niemand gewaag om Hom te bespot nie. Die wonders wat Hy gedoen het was van so 'n aard dat mense wwarskynlik bang was vir wat Hy hulle sou kon aandoen as Hy Hom vir hulle sou vererg.

Ons lees byvoorbeeld in die Evangelies dikwels dat mense verslae was oor wat Hy geleer het, dat mense dit nie gewaag het om Hom te weerspreek nie, dat mense, soos veral Jesus se godsdienstige teenstanders, liewers agteraf planne gaan smee het oor hoe om Hom in hulle strik te kry. Selfs toe die skrifgeleerdes, Fariseërs en priesterhoofde Hom gevange wou neem, het hulle dit met behulp van 'n afdeling soldate gedoen.

Maar nou dat Hy, oënskynlik hulpeloos, aan die kruis hang, nou word hulle dapper. Die verbygangers, die omstanders, die twee wat saam met Hom gekruisig is, en ook die owerpriesters en skrifgeleerdes, hou aan met spot. Hy wat sê dat Hy die tempel sal afbreek en in drie dae weer sal opbou, moet Homself red/verlos. Hy wat ander red, moet ook nou Homself verlos. Hy wat sê dat Hy op God vertrou, laat God Hom dan nou red/verlos. Selfs in vers 49 word Hy (doelbewus?) misverstaan, en spot dié wat daar rondgestaan het, dat Hy na Elia, die profeet, roep om Hom te red.

As Jesus Homself in sy almag en alvermoë van die kruis gered het, as God Hom op 'n besondere manier van die kruis afgehaal het, wat sou hulle dan gesê het? Heel waarskynlik sou hulle dan baie ver weggehardloop, of baie diep gaan wegkruip het! Vir hulle het die woord red of redding net 'n aardse betekenis. Wanneer jou aardse lewe bedreig word, is aardse redding en verlossing al uitkoms. Waar Jesus hulle leer en veral ook hulle toekoms bedreig het, het redding vir hulle daarin bestaan dat Hy uit die weg geruim moes word. Dan sou hulle gered wees.

As Hy egter Homself sou red van sy lyding aan die kruis, sou die werklike betekenis van redding nooit na vore gekom het nie. Dan sou ons waarskynlik vandag nog na Hom kon gaan in tye van aardse nood, en redding uit die aardse verkry het. By redding vanuit aardse nood sou dit egter gebly het. Ware redding gaan egter oor veel, veel meer.

Aardse redding teenoor die redding van die siel! Ja, ook ons as gelowiges moet bely dat aardse bedreiging dikwels vir ons swaarder weeg as die besef van die doodsellende waarin ons sonde ons dompel.

In die besef van ons sondedood, ons grootste ellende, vervaag alle aardse bedreiging. Ons gryp, in die besef van die feit dat ons die ewige dood verdien, vas aan ons ewige Redder, Jesus Christus! Alleen in Hom kan ons waarlik sing: verlos, en nie verlore!

*Sing: Psalm 71:9, 14 (1936-beryming)* *Ds LSD du Plessis (Groblersdal)*